VERSE VAN VERSET

VERSE VAN VEROOTMOEDIGING

deur

E. van Nantes

PERSEPSIE

So tydjie gelede, in die nuus op die televisie
Word dit afgemaak as ’n leuen, ’n blote persepsie
“Misdaad in hierdie land is geensins buite beheer”
Kom dit uit die mond van ’n minister, ’n groot meneer

Persepsies het hul ontstaan te danke
Aan waargenome beelde en klanke
Dit wat ons met sintuie waar kan neem
Vorm ons bepaalde realiteitsisteem

Persepsie alleen dra nie veel gewig
Tot tyd en wyl wetenskaplik belig
Slegs by wyse van statistieke
Word dit bewys as feit, óf as mite

Suidpunt van Afrika het egter ’n probleem
Hier’s ’n gebrekkige opvoedingsfenomeen
Wetenskap, optel, aftrek, maal en deel
Is iets wat inwoners hier glad nie skeel

Syfers deur departemente verleen
Word met grote agterdog bejeën
Is persepsie waar of is dit ’n leuen
Die antwoord hierop, is ’n moeilike een

Verskoon my tog, ek wil nie aanstoot gee
Maar misdaad is maar één golf in my persepsie-see
Spring aanboord, trek tog maar die baadjie aan
Want my ander golwe gaan nou die bootjie slaan

PLANNE

Jare gelede, het ek alles by die base gekry
Maar dit alles was nie genoeg vir my
Al het ons almal huis en werk gehad
Was wit en swart, volgens wet, apart

Maar die meul het gemaal en die wiel het gedraai
Die kommuniste het bomme gegee en ons AK’s gelaai
Hulle het ons in buurstate opgelei en huis-toe gestuur
Met die opdrag om daar te wag vir die regte uur

Die polisie het ons gekeer om te moor en te steel
En so met die wag, het ons toe maar aangeteel
As plan A sou misluk, was ons dalk net een te veel
En sou ons by die stembus met die base klaar kon speel

Op ons vriende se woord plant ons die eerste bom
Die oorlog begin op die grens, die regte uur het gekom
Geveg na geveg kom my kamerade om
Plan B lyk nou belowend, plan A was dalk so bietjie dom

Met die hulp van die Ooste en die liberale Weste
Gaan ons na die stembus en wys ons ons beste
Met die uitslag gaan ons stemme op in ’n koor
Nou is ons is vry om te steel, te plunder en te moor

Vandag, jare later, is ek nou die baas
Onder my beheer vind daar min dinge plaas
Ek implementeer onnosel planne wat misluk
Maar met nog ’n plan B, is daar niks waarvoor ek skrik

KONINGS EN NARRE

Met groot oë loer die wêreld vir die reënboognasie
Niks vind hier sonder hul medewete plaas nie
Net een probleem word deur hulle voorsien
Hier's 'n groepie wat weier om die nuwe koning te dien

Deur argitekte, word die koning met "toe maar" gepaai
"Jy weet mos hulle getalle is min, hulle is yl gesaai
Hier is 'n plan sodat hulle nie verder sal kan maai
Kyk jy weer o koning, is hulle maer soos 'n kraai"

Die koning luister na die plan deur die argitekte bedink
En na lang oorweging begin dit stadig by hom in te sink
Hy vryf sy hande en sy glimlag is groot, "die plan is blink"
"……hoekom het ék nooit dááraan gedink?"

Die swart bemagtigingsplan tree in werking
En regstellende aksie dien as versterking
Op sy troon sit die koning hardop en lag
Hulle tente en karavane, word méér by die dag

Vir 'n rukkie gaan alles in die koninkryk voor die wind
Partytjie op partytjie, uit die skatkis word dit gemunt
Die probleemkind is weg en sit in sy karavaan
Die koning en sy vorste is kaatjie van die baan

O koning, o koning, skree die hofnar benoud
Die skatkis is leeg, sonder silwer, sonder goud
"Maar hoe kan dit wees?" vra die koning verstom
"Ons mense het dan elke dag werk-toe gekom"

KONINGS EN NARRE

Die hofnar skud sy kop, oor sy oë is daar 'n waas
"By die werk was hulle o koning, maar niemand was klaas"
Die koning wip van sy troon, hy is baie verbaas
Hoe kan dit wees dat hofnar se kop dan só raas?

Uit vrees begin die hofnar met "Ag, my heer"
…. so tussen u partytjies deur het mot en roes verteer
suksesvolle ondernemings het eenvoudig weggeteer
en kort voor lank was geen inkomste vir die skatkis meer"

Die koning dink op sy voete en roep die raadgewers in
"Dis 'n ramp skree hulle, ons sal 'n ondersoek moet begin!"
Nie lank nie en die hoofpyn-vorste sit om 'n tafel
Die koning weet húlle sal die probleem kan ontrafel

Na maande se debat is dit die vorste wat na vore tree
Verslag van 'n enkel bladsy word aan die koning gegee
Hy besef net weer, húlle is die sneeu onder sy slee
……maar soos hy loop en lees, verstadig sy tree

"Na die tente en karavane", bulder die koning
"sleep hulle hier, daar is geen verskoning
Iemand moet betaal vir hierdie verknorsing
die verslag bewys hul poging tot onttroning"

Moeg en uit asem storm hofnar die saal binne
Sy woorde ruk die besope vorste tot hul sinne
"die karavane staan oop en die tente is leeg
ons het hulle gesoek langs die vullishope en in elke steeg".

KONINGS EN NARRE

Die koning voel sy hande raak klam
Onvas op sy voete, is sy arms en bene lam
Hoe gaan hy hierop reageer……..
Op wie kan hy hierdie een blameer?

By die vorste sypel die gevolge stadig deur
'n Onrustigheid word deur die koning bespeur.
Iets sal hy moet doen om hulle te kalmeer
En daar trek hy weg met "bring my geweer"

Soos een man sing hulle saam
En marsjeer die deur uit sy raam
Tot die stem van net die koning weergalm
Besef hy dis net hy en nar wat nog talm.

Skielik verbreek nar die stilte in die saal
"my koning, u was op die argitekte se skaal
Hulle het u geweeg en bevind u kaal
En nou kom hulle om antwoorde te haal

"Sal ons dit nie kan blameer op die vorige bedeling?"
Vra die koning, in sy stem is daar 'n bewing
"Nee, my kroon, dit gaan nie baat nie"
"hoe straf jy iemand wat nie meer bestaan nie?"

Daar staan die koning nou alleen
Sonder sy vorste, sonder steun
Al wat oorgebly het, is ou nar
En hý is met die eenvoudiges verwar

VERRAAIER

Sewentien lange jare het nou reeds verloop
En al ontken jy dit, jy't jou volk uitverkoop
Met die skyn van geloof en die die heilige doop
Het jy in ons tyd van nood, eenvoudig uitgeloop

Ware leiers is deur ons volk opgelewer
Manne aan ons gestuur deur God ons Gewer
Maar jy was daar as onderkruipende kewer
Met die hoofdoel om jou mense uit te lewer

Paul Kruger, geswore Boere weerstandsleier
In die vryheidsoorloë laat hy die Engelse steier
Vier keer deur sy volk verkies tot President
Want hy't altyd sy oor tot hulle gewend

Dr. H.F. Verwoerd, hy was ons sesde premier
Glad nie bang om met die wêreld skouers te skuur
Vir sy weerstand, is 'n dolk deur sy hart gestuur
Om hom te onthou, hoort sy naam op 'n muur

Adv. J.G. Strijdom, hy staan Britse imperialisme teë
Leeu van die Noorde, is die naam aan hom gegee
Verklaring tot Republiek kenmerk sy tree
Sterk en doelgerig was hy in sy weë

Hierdie name laat die bloed vandag nog in ons are bruis
Manne wie nie bang was om die swaard te kruis
Hulle is die manne welkom in ons volk se huis
Maar jy, jou sal ek vergeet, jou wegsluit in 'n kluis

BLONDINE

Van kindsbeen af is ons geleer
Jy kyk op niemand anders neer
Ryk en arm het elk ‘n plek
Maar jy loop nie met almal hand-om-die-nek

Ag, jy ken mos nou die ou gesegde
Dit leer jou die verkeerde en die regte
Aan jou vriende sal jy geken word
Meng met semels, dan sal jy gevreet word

Die blondine met die lang wit vlegsel
Is altyd my gat se deksel
Daar stap sy hand-aan-hand
Met een van die ander kant

Wat maak ek van jou handeling
Waar jy stap met jou inboorling
Jy’s die een wat my laat gril
Die een wat my met weersin vul

Uitdagend wys jy die wêreld
Jou liefde vir die anderskleurige kêrel
Waaraan gee jy lewe aster
Anders as ‘n identiteitlose baster?

Dink jy dalk zebras en perde paar
Of het jy dalk al spring- en rooibok gewaar?
Hoe kan die een met die ander verswaer
Of dink jy die verskille is sommer-maar?

MEDIA

Wat wys julle ons dan nou op televisie
In plaas van GOD, preek julle evolusie
Hierdie snert is vir ons nie meer nuus nie
Luther het dit al verwerp in sy konstitusie

Polities korrekte woorde word ons geleer
’n verdraaiing is dit van wat werklik gebeur
Moet tog nie melding maak van ras of kleur
Anders word jy nog geteer en geveer

Guru’s en divas hou julle voor as norm
Is julle gek man, ons weet hulle is krom
Die abnormale hou julle uit as blom
En hoop dat bytjies nader sal kom

Lakeie van die regering van die dag
Maak julle planne in stilte van die nag
In ander se agendas lê julle mag
Maar waai julle voor ons die witte vlag

Julle radio en TV maak ons mak
Oulike aanbieders laat ons skilde sak
Soos die aap spring van tak tot tak
Spring ons kanale van swak tot twak

Ons laat dit toe tot op ‘n punt
Tot daar waar jy gryp na my en my kind
Jy dink ons is dom, ons is jou goedgesind
Dis dan wat my hand die skakelaar vind

ALLES WAT BLINK

Blink nuwe motor staan voor sy deur
Hy's die nuutste groot meneer
'n Nuwe patroon uit die regstellende geweer
In 'n posisie geplaas sonder dat hy leer

Vroem vroem daar gaan hy verby
Hy't vir hom 'n goue BMW™ gekry
Hy weet hy't nodig om dit in te ry
Dis hy wat op die N1 verby jou gly

Op kantoor wag sy PA by die deur
Sy eerste dag hier en daar gaan baie gebeur
Aan ou prosedures gaan hy hom nie steur
Want hy, hy is 'n perd van 'n ander kleur

So op sy manier, vat hy alles vas
Dit wat hy nie verstaan, pak hy in die kas
Oe, amper vergeet om die BM te laat was
By vanaand se dinee is hy mos die ere-gas

Twee maande lank is hy Hoof Uitvoerende Beampte
Maar nou verskyn sy werklike gedaante
Uit die kantoorkas kom die geraamte
Daardie weggesteekte verslag bring nou die skaamte

Maandagoggend en sy kantoordeur staan oop
Fluister in die gange, hy't goed gevat en geloop
Die skindernuus bring weer verligting en hoop
Raad moes met goue handdruk hul voortbestaan koop

PLAAS

Met sy koring hou hy ons magies rond
Deur sy produksie eet en drink ons gesond
Die boer, sy gesin en ook hul hond
Húlle is die wesens van die grond

Hoe kan dit dan waar wees wat ek lees
In die plaaslike koerant was dit gewees
Laas nag het daar weer 'n gees
Van haatdraendheid op 'n plaas geheers

Ten spyte van alarm, lig, hond en draad
Was daar bloedvergieting in die ergste graad
Om seer en dood te maak op so 'n maat
Dien as getuienis van intense haat

Die koerantjie waak om sy lesers te ontstel
Daarom word die hele storie nie vertel
Die verhaal van nog 'n plaasgesin se hel
Word nie eens uit statistieke opgetel

Voor die môre-lig ontvou die toneel
'n Gesin se lot is hier verseël
Niemand was hier om iets te steel
Daarvoor is die bloed net te veel

Plaasmoord op plaasmoord
So gaan dit voort
Verlies aan lewe en verlies aan 'n boord
Tog, die mag van die dag, blyk ongestoord.

ONDERWYS

Die skoolklok lui die nuwe dag in
’n Nuwe jaar van skool het sopas begin
Mengelmoes van kleur storm die skoolsaal in
Die opening word met gebed begin

So word die memo van die staat ontvang
Daar is sekere wysigings wat hulle verlang
Sou julle weier om ons aan te hang
Sal ons wetgewing maak, dit gebruik as stang

Eerstens is daar die sakie van gebed
Julle besef seker dis teen die wet
Hindoe, Moslem en Jood sal verset
Tot tyd en wyl julle verander het

Tweedens sien ons ons kinders kom nie deur
Daarom sal julle curriculum 2000 probeer
Hierdie stelsel het ’n vergewende geur
Maak ook geen onderskeid tussen kleur

Derdens is daar die kwessie van taal
Onregverdig om hulle met Afrikaans op te saal
Van nou af sal die meerderheid bepaal
Watter taal die paal sal haal

Vierdens bestaan ontsteltenis oor lyfstraf
Hierdie onding sal julle verseker moet afskaf
Om ’n stout kind te slaan is sommer laf
Dit kom seker weer van julle voorsate af

ONDERWYS

Al het ons as staat nog baie om te sê
Is hierdie die punte wat ons vir eers wil hê
Weier, en dit word in wetgewing neergelê
En soos skapies sal julle uit een mond mê

Verder het ons die onderwysdepartement gekry
Om te keer dat julle die kaf van die koring skei
Die uitslag van eksamens word gemanipuleer
Sodat elkeen vir sy graad kan gaan studeer

Hierdie saak van onderwys is goed deurdink
Ons het die hele ding beplan met papier en ink
Gee bietjie kans daarvoor om in te sink
En julle sal sien hoekom julle ou stelsel stink

Waarna ons kyk is die sinergie van die som
Ons verseker dat niemand anders aan bewind sal kom
Ons beperk hulle denke en ons hou hulle dom
Tik tok, tik tok……..dit gaan werk soos ’n bom.

BLOED KRUIP

Jammer dat ek jou op die manier begroet
Maar aangename kennis, bly ons kan ontmoet
Ek het jou naam gemis so deur die roet
Vir my familie is ek Slaggat, jy kan my ook so roep

Terwyl ons nou wag vir jou insleper
Hoekom nie gesels, leer ken my beter
My middel broer is ’n regte breker
Die ouer een, ’n publieke spreker

Middel kind sukkel om op sy voete te kom
Moes weer ’n lening kry, nou klop sy som
Kragonderbrekings is so eie aan hom
Hy dink hy’t krag, maar ander sê hy’s dom

My ouboet is op sy laaste tree
Hy moet die nuutste inligting gee
Praat in tale, maar vir Afrikaans sê hy nee
Sy naam in Engels, is die SABC

Ons drie broeders is uit dieselfde hout gesny
beteken niks as ons nie belasting-geldjies kry
So lê en wag ons op ’n gereelde aalmoes
Terwyl Jan-publiek maar moet hoes en koes

O, hier stop jou insleep-ridder nou
Weereens jammer oor jou skade ou
Miskien moet jy maar my posisie onthou
Want volgende keer sal jy uit moet klou.

TERRORIS

Was hy vryheidsvegter of terroris?
Een van die twee, díe was hy gewis
Die een ’n minus, die ander ’n plus
Hang seker af waar jy aan tafel is

In Amerika vlieg hulle met ’n bom
Twee van hul hoogste torings om
Die hele wêreld staan verstom
Hoe het die terroriste dan ingekom?

In Suid-Afrika word ’n bom geplant
Die plein word met vlam verbrand
Maar die wêreld sê daar’s geen verband
Tussen hierdie bom en terroriste-hand

Verstaan asseblief wanneer ek mor
Oor die gemene plein- en bomfaktor
Hoe is dit dáár ’n aksie van terreur
Maar híér het dit ’n vryheidskleur?

Onskuldiges moes met hul lewe boet
Vir hulle wat nie weet van sleg en goed
Hoe is ons reaksie bitter maar julle s’n soet
Wanneer slagofferbloed uit dieselfde aarde roep?

Kom ons plaas jou dan nou in my situasie
Laat al-Qaeda dan heers oor jou en jou nasie
En Bin-Laden sy septer swaai met grasie
Jy kan dit nie doen, vir jou is dít net animasie.

WITTENBERG

Op die dag van 31 Oktober vyftien-sewentien
Het die Protestante Reformasie die lig gesien
Teen die deur van die Katolieke Wittenberg-kerk
Word ’n papier met hamer en spyker vasgewerk.

Martin Luther is die man wat hier in opstand kom
Teen die afkoop van sonde vir ’n goue som
Sy stelling dat slegs GOD kan vergewe
Bedreig die Pous se finansiële strewe.

Vier jaar later word Luther deur die Pous geskors
Hy mag nie meer deel in hul Katolieke gemors
Selfs die Keiser word deel van die storms
En verklaar Luther voëlvry met die Edik van Worms.

Luther en sy volgelinge hou vas aan hul geloof
Hul trou word aan GOD, nie die Keiser, beloof
En so word dan die Protestante gebore
Hulle en hul goud vir die Katolieke verlore.

Honderde jare het sedertdien verloop
Die kerk probeer weer sy verlossing aan ons verkoop
TUU-TUU, TUU-TUU, stoom hul trein tot in ons stasie
Apartheid-taks is nou betaalbaar deur die wittes van die nasie.

Tipies nou weer die Protestant wat ek is
Opponeer ek ook hierdíe soustrein se masjinis
Ek koop geen skuld-aflossinskaartjie vir jou spoor nie
Sodat jy my nie verder ekonomies uit kan moor nie.

WITTENBERG

Beskou vandag as die laaste dag van Oktober
Jou laaste dag as my volk se berower
Beskou my as ’n Witte berg wat vorentoe beur
En hierdie gedig as die papier teen jou deur.

WETTE

Sedert die eerste dag van jou beheer
Het jy duidelik gemaak wat jy begeer
Alles in die land moet joune wees
Eers dan het jy ’n tevrede gees

Jy’s sinoniem met die maaier wat nie plant nie
Sit op die stoep maar bewerk nie die land nie
Want jy’s mos verontreg deur die jare heen
En so regstellend kom jy weer op die been

’n Nuwe wet verskyn op die boek
Kry sal jy kry, by hoek of by kroek
Benodig jy nog, doen jy dit weer
En almal betaal dit elke keer

Ten spyte van alles bly jy uitgeteer
Jy verorber, jy vreet, jy soek net meer
Jy kyk rond en soek om te verslind
Dit wat jou wette nog nie kon vind.

Eers moes ons belasting vir die oorgang betaal
Sodat jy balans kon kry op jou skewe skaal
Werke vat jy uit die hande van vele Pa’s
Daarna maak jy jag op die Boer se plaas

Elke vyf jaar moet ek weer registreer
Om te bestuur en ook vir my geweer
Al is dit lank gelede reeds betaal
Eis jy dit weer vir ’n tweede maal

WETTE

Wil ek graag op die snelweg ry
Einde van die maand sal ek ‘n rekening kry
Busse en taxi’s is in ‘n ander kraal
Van hulle word daar niks verhaal

Gee, gee, gee.
Tot ek niks het, aanvaar jy nie “nee”
Gee, gee, gee
Ek wou mos die Suidpunt van Afrika betreë

Hoe meer dae, hoe meer wette
Jy’t Rande en sente op jou gewete
’n Bloedsuier, ’n parasiet, is baas
Bly klou tot ek my laaste sent uitblaas

Die onpartydige vrou met die blinddoek aan
Word deur jou gelei, om die baan
Met boek in die een en skaal in die ander
Het sy stadig maar seker in jou hoer verander

Vir jou sukses reken jy op my wetsgehoorsaamheid
Probeer jy by my skuldgevoelens skep oor apartheid
Wel ek het ’n brokkie nuus vir jou
By my is daar geen skuld en geen berou

Tot op hede is daar genoeg betaal
In bloed, in geld, ook die armsalige voete-was verhaal
Wanneer is genoeg dan nou genoeg
Vir jou om met jou eie kalwers te begin ploeg?

WONDERWERK

Gebeurtenisse teen algemene verwagting in
Word in oorvertelling, met die volgende begin
"jy weet, wonderwerke gebeur nog……."
En net daar begin my verbeeldingsvlug

Daar is besluit om nie die Bybel weer te vertaal
Ten einde onaanvaarbare dele uit te haal
Slegs die 33-vertaling sal beskikbaar wees
Predikante word versoek om dit tog te lees
……**dis 'n wonderwerk!**

Op 'n renoster-plaas in die ou Transvaal
Staan 'n honderd renosters in 'n kraal
Elk met 'n horing van 'n meter kort
Is foto's, al wat van hul geneem sal word
……**dis 'n wonderwerk!**

Tydens die laaste samekoms van die Sinode
Was Bel Hare en homo's nie deel van hul woorde
Eerder word bespreek hoe hul GOD kan vereer
As hoe om humanitêre snert te akkommodeer
……**dis 'n wonderwerk!**

In Afrika word daar 'n masjien ontwerp
Met die doel om produksie op te skerp
Meer voedsel word hiermee geproduseer
Die masjien is deur 'n Afrikaan gepatenteer
……**dis 'n wonderwerk!**

WONDERWERK

Ons onttrek uit die Wêreld Raad van Kerke
Want ons stem nie saam met hul werke
Solank ons doen wat GOD beveel
Kan ander se opinies ons nie skeel
……**dis 'n wonderwerk!**

Daar sit hy op die verhoog in Natal
Hy's bekend as 'n regte rebel
Met sy spreekbeurt wil hy die jeug reg leer
Hy stel die voorbeeld, hy gaan houtwerk weer probeer
……**dis 'n wonderwerk!**

Lidmate stroom weer terug na die kerk
Daar word nou vir hul siele gewerk
Niemand se gehoor word meer gestreel nie
Want geen siel mag meer verlore gaan nie
……**dis 'n wonderwerk**!

Onderhandelings vir oorgawe het weke geduur
Met ooreenkoms bereik, is die skrif aan die muur
Maar voor hy dit kan onderteken, val 'n geelhoutbalk neer
En tref sy vingers wat die pen vashou, tot nimmermeer
……**dis 'n wonderwerk!**

TWEE KAALKOPPE EET TESAME,……OF NIE

Ai Ai, ek moes vandag weer glimlag
Vir die sogenaamde nuus van die dag
Joernaliste berig nou vir dae aaneen
Oor die Tibettaanse visum-probleem

Aartsbiskop gaan sy tagtigste lewensjaar vier
En begin om uitnodigings die wêreld in te stuur
Noord, Suid, Oos en Wes, vlieg koeverte vinnig weg
En kort voor lank laat al wat gas is, weet hul's reg

'n Spesiale kaartjie, met biskop se eie spoeg geplak
Laat by ontvangs, die Dalai na sy asem snak
Hy is deur die morele kompas genooi om ere-gas te wees
en vir tafelgebed, iets van die Boeddhiste voor te lees

Waarlik 'n sprokies verjaardag wat nou begin ontvou
Dit gaan iets wees wat die biskop vir altyd sal onthou
Maar voor hy nog kon dink hoe hy kersies uit gaan blaas
Slaan die klok 12 maal, en vind die ondenkbare plaas

Toe die Lama sy kaartjie op Air Indië wil bespreek
Trek die Suid- Afrikaanse regering vinnig 'n streep
Totdat hy nie visum het, sal die Lama daar moet bly
Want die ANC het nog nie antwoord, uit China gekry

Beide die heiliges word hierdeur erg bedroef
Het so uitgesien na die dag, maar is nou geskroef
Na al die beplanning en reëlings wat getref is
Skop die biskop se vriende hom nou in sy ribbes

TWEE KAALKOPPE EET TESAME,……OF NIE

Soos een wat swoeg met 'n mes in sy rug
Vaar die biskop uit in elke nuusberig
Hierdie heilige kerkman en Nobelprys wenner
Is nou so kwaad, hy skree en swaai met sy vinger!

Hy beskuldig sy vriende van skandelikheid
Kryt hulle verder uit, vir erger as apartheid
Uit Ghaddafi en Moebarak se val moet hulle leer
Massas ontevredenes sal húlle ook nie kan keer

Hy waarsku dat hy maklik weer kan begin bid
En elkeen van hulle dan op straat sal sit
Soos sy gebede hulle vroeër aan bewind gekry het
Kan hy kniel en hulle opdra in sy apartheids-gebed

Nou hou ek daagliks maar die koerante dop
Vir die biddag wat die biskop uit gaan roep
Intussen hou ek duim vas dat sy vriende nie
Visums, 'n vereiste vir gebed gaan maak nie.

SENSUS

Derde demokratiese sensus word tans opgeneem
Dis belangrik vir die goeie werking van die sisteem.
Hierdie syfers sal noodsaaklike inligting verleen
En so regeringsbeleid en -beplanning ondersteun.

Vyf en sewentig vrae word aan jou gerig
Om so jou algemene welstand te belig
Die aantal vrae alleen, wys hul is begerig
Om te identifiseer wie is ryk, en wie is treurig

Dis net ‘n paar dae na die sensus het begin
Toe die sensus-buro sien, hier kom ‘n ding
Die meerderheid burgers het net drie vrae omkring
En díe gelos wat hul privaatheid binnedring.

Hierdie drie biljoen Rand projek word belemmer
Deur die publiek wat hul net verniet bekommer
Want die inligting is veilig, jy’s net ‘n nommer
Oor wie dit sien, hoef die mense nie te wonder

Pogings deur die buro om mense gerus te stel
Word wyd en syd deur die media oorvertel
Ten spyte van mooi praat en van skel
Stuur die inwoners hulle steeds na die hel

Die buro aanvaar nie hierdie landswye verset
En dreig, deur te verwys na ‘n 1999-wet
Versuim kan lei tot ses maande op ‘n tjoekie-bed
En/of tien duisend Rand in hul boete-net

SENSUS

Snaaks dat die staat die Inligtingswet wil forseer
En so die inligting oor hul doen en late keer
Dit, ten spyte van die publiek se openlike afkeur
Hou hul staatsveiligheid voor, as amptelike verweer

Kan jy dus nou die publiek kwalik neem
Waar hulle oor die sensusvrae teem
Vrae wat hulle hul veiligheid ontneem
Indien dit val, in die hande van enige een

Is dit ‘n tweestryd waarmee ons te make het
‘n Tweestryd tussen die publiek en die wet
Is dit iets waarna die staat op moet let
Dat die burgers dalk hul bedenkinge het

Die hoeveelheid water gebruik, word uit meters bekom
Die aantal internet gebruikers, is bekend aan Telkom
Eskom maak die elektrisiteitsverbruik-som
En SARS het reeds ons inkomste daar by hom

FICA en RICA fluister oor ons sel- en bankrekening
Hoekom dan al hierdie vrae vir elke huishouding
Waar julle reeds weet van elke kragonderbreking
Waar julle bewus is van betogings oor dienslewering

Ten spyte van die vorige twee sensus-opnames
Wat julle moes help om te bepaal wat nodig is
Hoor ons van vierhonderd miljoen se huisverbeterings
Eerder as dat julle voorsien in die publiek se behoeftes.

AAN DIE EINDE VAN DIE REëNBOOG

Daar is nog steeds diesulkes soos ek
Ons is nasate van die Grote Trek.
Aanvaar geen vreemde juk op ons nek
Sal onsself regeer, op ons eie plek

Maar die wêreld het net te klein geword
Nêrens is daar vir ons 'n lappie grond.
Niks hier is ons eie meer
ons is gedwing om nou na binne te keer

Hier in ons gemoed vind ons 'n Vaderland
waar ons gedy onder ons Vadershand.
Bokant ander se begrip en verstand
Kom hier nou 'n nuwe volk tot stand

Gesuiwer van verraaier en liberaal
Is die ou volkie maar klein in sy getal.
Aan mekaar verbind deur dieselfde gedagte
Lê hul die basis vir die nuwe geslagte

Elke seun en dogter word aan die Enige GOD opgedra
deur 'n Bybel-lesende Ma en Pa
Ware geskiedenis reeds aan ons kinders oorgedra
sodat ander se verwronge verledes hul nie pla

Ons leer hulle om nie te vermeng nie
en niks anders as Die Stem te sing nie
Ons leer hulle wat die skool nie wil nie
en om Geloftedag nooit te vergeet nie

AAN DIE EINDE VAN DIE REëNBOOG

Wat is dit wat ek nou daar hoor
"Verligte" stemme soos van 'n koor
"het jy dan nou jou verstand verloor?
.....hiervoor word jy sekerlik verhoor"

Gaan maar voort, berei julle saak
probeer maar om my bang te maak
Julle is die minste wat my kan traak
want ek is besig met 'n groter taak

In die hof word die klagstaat voorgelees
"hy's 'n ou rassis, hy's 'n ou verkrampte
hy's 'n dinosourus, 'n apartheidsgeraamte"
skuldigbevinding hierop, kan die doodstraf wees

Die een na die ander kom hulle getuig
oor iets wat hulle uit hul duime suig
Die hof verdaag sodat die Regter kan besin
oor al die klagtes en getuienis ingebring

Die volgende dag in Tswane,
Die hoofstad van Suid-Zimbabwe
Is die Regter gereed om uitspraak te lewer
Voor elke TV-span en koerant-uitgewer

Die Regter kom binne
En lees sy neergeskrewe sinne
"poging tot moord, op integrasie - skuldig"
"moord, op politieke korrektheid - skuldig"

AAN DIE EINDE VAN DIE REëNBOOG

"skuldig aan poging tot moord op die bou van 'n nasie"
"skuldig aan poging tot moord op ons demokrasie"
Die Regter loer oor sy bril en laat sak sy kop
"en wat is die beskuldigde se reaksie hierop?"

"U edele, u uitspraak is van verdoemende aard
Sonder dat u dit besef, 'n tweesnydende swaard
Laat my toe om my stelling te belig
Want u staar self klagtes van moord in die gesig"

Betreffende die klag op integrasie
Word dít beskou as vernietiging van my nasie
Deur my ras met ander te laat teel
Verdwyn ons Boervolk in sy geheel

Betreffende die klag op politieke korrektheid
Is dit 'n poging om die waarheid uit te sluit
Niks mag gesien word vir wat dit werklik is nie
En alles word verdraai tot wat dit nie is nie

Betreffende die bou van 'n sogenaamde nasie
Gebruik u die stene van regstellende aksie
Messel u met sement van swart bemagtiging
En verf u met die bloed van hierdie slagting

Die skending van die heilige demokrasie
Is dit sinoniem met verval en korrupsie,
gevangene vrylating en swak dienslewering
sub-standaard opvoeding en belasting vermorsing

AAN DIE EINDE VAN DIE REëNBOOG

U edele, hiermee dan die einde van my storie
Die reënboog en pot goud is net 'n sprokie
Dat ek glo in my GOD, my volk en myself
En niks verskuldig is aan 'n owerheid of uself.

KRIMINELE SPELE

Dis 2012 en die London-spele wink
vir wêreld-klas atlete om uit te blink
om vir negentien dae lank mee te ding
en die kans om 'n goue huis-toe te bring

Groot is die opgewondenheid onder atlete
en trek die TV, kykers soos magnete
almal hoop vir ten minste 'n brons
want minder as dit, verseker 'n frons

Grote teleurstelling vir die Minister van Sport
toe sy atlete met hul tuiskoms ses medaljes kort
niks minder as twaalf was hierdie jaar sy mikpunt
maar toe kry die deelnemers van voor die wind

Teen die wêreld blyk dit dat ons onder-presteer
en miskien moet ons maar liewers elders probeer
deur mee te ding in aktiwiteite wat natuurlik kom
aktiwiteite wat die wêreld lank-al reeds verstom

Moontlike items waarin ons mee kan ding
is korrupsie, geletterdheidsvlakke en verkragting
plaasmoorde, motorkapings en gevangene vrylating
werkloosheid, roof en handboek verspreiding

Stakings, oproerigheid en dienslewering
grensbeheer, kitsbankroof en huis-opknapping
regstellende aksie en stististiek-houding
sal almal verseker dat ons op die podium spring

KRIMINELE SPELE

Vir die eerste spele kan ons die gasheer wees
want ons het reeds die geriewe vir so 'n fees
Dromme en tradisionele danse vir die opening
gaan hulle van vreugde op en af laat spring

Ten einde tot 'n suksesvolle spele by te dra
word gevangene-vrylating as item een gevra
onwettige immigrante en moord sal laaste wees
en so die afsluitingseremonie beperk tot nét een bees

ONTHOU

Hierdie woorde is net vir jou bedoel
Vir jou wat daar by die rooi lig bedel
Vir jou wat daar by die Bank iets prewel
Vir jou wat my help parkeer teen die heuwel

Hier, waarvandaan ek vir jou sit en kyk
Van vêr, kan ek sien hoe gehawend jy lyk
Jou klere vuil en jou vel gebrand
Leef jy nou uit ‘n ander se hand

Soos ek nader kom sien ek jou oë
Op jou gesig lê die landerye geploeë
Jy vermy oogkontak want jy’s verleë
Dat jy my moet vra om ietsie te gee

Ééns het jy ordentlike werk gehad
‘n Huis, ‘n motor en kantoor in die stad
gerespekteer vir jou kennis en ondervinding
Het kollegas jou gereeld kom vra na jou mening

Maar jy moes gaan, hulle het jou uitgesit
Want skielik was jy te oud en jou vel te wit
Jou juniors moes díe in jou plek op kom lei
Om hulle darem op ‘n tipe van standaard te kry

Maar dis so lank gelede, jy't dit al vergeet
probeer oorleef, is nou ál waarvan jy weet
van die motoris aanvaar jy maar die lemoen
jy verdien beter, jy't jou deel op die grens gedoen

ONTHOU

Tot by jou geloop en daar staan ek nou
woorde deur my kop, maar wat sê ek jou
In plaas van praat gee ek jou die noot
Ons weet waaroor dit gaan, dis onnodig om te verwoord.

NAASTE

Kan jy my sê hoeveel van ons is daar nog oor
na die tol van immigrasie, van boere uitgemoor
Kan jy my sê hoeveel van ons is daar nog oor
Herhaal jy die vraag nou saggies in my oor

Met die vraag wat hier hang in die lug
Sien ek nou die uitdrukking op jou gesig
En meteens laat dink jy my aan die apie
Wat nie verder wil hoor, of sien of praat nie

Jy verwag van my om 'n antwoord op te toor
'n antwoord wat jy sidder om aan te hoor
Want jy dink ons het reeds te veel verloor
'n antwoord wat ek sien, jou hart deurboor

Skielik verstaan ek die vraag wat jy vra
En verstaan ek hoekom dit jou so pla
Want jy't versuim om op te tree as hoeder
Vir elke kind, elke suster, elke broeder

"Eendrag maak mag" eens as ons leuse
Was naasteliefde ons vrywillige keuse
Met arms in mekaar gevleg soos 'n tou
Verenig onder die Oranje, wit en blou

Maar tyd stap aan en die tou het uitgerafel
Solank daar brood en wyn was op jou tafel
Jou goed beter en duurder as jou broer s'n was
Kon jy nie omgee of hy moes lewe uit sy tas

NAASTE

Byna 'n miljoen van ons s'n is in die nood
Leef hul daagliks onder die lyn van brood
Staan ons een van hulle af aan die dood
Maak dit ons wat hét, nie 'n Kain van soort?

Moenie verder oor hierdie vraag wroeg
Aanvaar my antwoord, want daar's genoeg
Vir jou en my om 'n hand na uit te steek
En te keer dat nóg 'n broeder-hart breek.

LAERS

By die fontein Harod het Gideon laer getrek
Teen sy vyand, soos swerms sprinkane, sterk
Maar slegs 300 man wat soos honde lek
Mog Gideon teen die vyand op laat trek

Met ramshorings, kruike en fakkels in die hand
beweeg hulle nader aan die Midianiete-kamp
om die opdrag van die HERE uit te voer
in verwarring, staan die vyand broer teen broer

16 Desember 1838 word met 'n gelofte begroet
'n gelofte aan GOD, voor die geveg begin woed
Dat HY in SY genade hulle sal beskerm
HOM oor die kleine groepie, sal ontferm.

Net so teen die Kakies, in die vryheidsoorloë
het ons opgekyk in die HERE se oë
Later ook in die oorlog op die grens
het ons erken Hy is GOD, en ons is mens.

Telkens was Goliat op die agtervoet
toe ons op ons knieë na GOD uitroep
nooit het Hy ons in die steek gelaat
toe ons ons alleen op HOM verlaat.

HY't HOMSELF bewys as die enigste laer
wanneer noodlot ons in die gesig kom staar
maar ons het uit SY Vaderhand gewikkel
HOM vergeet, sodat ons vandag kan sukkel.

LAERS

Waarvoor dan het ons voor-ouers geveg
as dit nie was vir ons voortbestaansreg
sodat ons oor onsself kon regeer
en GOD as ons enigste KONING eer?

Maar ons het afgedwaal en geloftes vergeet
ons het bier gedrink en braaivleis geëet
wou internasionaal ons rugby-kragte meet
geglobaliseer, al het ons van beter geweet.

Nog nóóit het enige volk sy land só weggegee
só sonder om 'n skoot te skiet, só sonder 'n "nee"
of was dit oor ons leier 'n Saul en nie 'n Gideon was
hy hou aan die heks van Endor en nie aan GOD nie, vas

Betaal ons nie maar vandag die prys nie
want GOD is nie meer bo-aan ons lys nie
Betaal ons nie maar vandag die prys nie
want GOD is nie meer welkom in ons huis nie?

Dekades later en word ons stil-stil uitgemoor
niks het verander, dis maar net soos vroeër
die oorlog woed steeds maar ons mag nie verdedig
by die dag word ons minder, ons beker geledig.

HERE, die tyd is weer hier om laer te trek
tyd dat U ons die hande kom versterk
vergewe ons vir ons bose handewerk
en versamel ons weer soos kuikens onder u vlerk.

MY SEUN

O my liefling seun, hoe gaan ek jou leer
Om ons grote GOD en VADER te eer,
Om altyd reg en geregtigheid te begeer
Om ten spyte van al's, altyd vorentoe te beur

In 'n land wat vir jou 'n nalatenskap moes wees
Waar jy kon woon en werk sonder om te vrees
Díe land, getem en gebou deur ons voorsate
Die Nederlanders, die Duitsers en die Franse

Uit die bloed van drie, het een volk opgestaan
Uit die bloed van drie, het die Boer ontstaan
Deur die genade van Bo het hul vas bly staan
En so is die weg vir my en jou gebaan

Bybelse waardes is deur hul nagejaag
Maar, so met die jare heen het dit vervaag
Die toets van die tyd kon ons nie slaag
Daarom voel ons nou GOD se plaag

Kom ons keer terug na waar hulle was
Lees jy SY Woord en hou daaraan vas
Soos mis voor die son verdwyn die las
En dan sal jy sien, hoe die stukke pas

Sou elke Boere-pa sy seun aan HOM voorstel
Soos my Pa vir my, moet ek weer vir jou vertel
Van die GOD wat heers oor die hemel en die hel
En so plaas ons die volk op die spore van herstel

DIE OLIE TOETS

Daar sit hulle in die middel van die nag
Tien van hulle wat vir die Koning wag
'n Lampie vol olie vir elk van die tien
kan hulle nie wag om hul Bruidegom te sien

Die nag is koud en stil en sonder maan
en is dit nog lank voor die kraai van die haan
Om hul lampies sit die tien daar saam
en wag om met Hom saam te gaan

Die nag stap aan en die koue kruip nader
so erg, dit dreig om bloed te skei van water
met bewende hande word meer olie ingegooi
en die leë kannetjies in die veld gestrooi

Die groepie van tien is nou verdeel in twee
net vyf het olie om hul lampies meer te gee
kom die koets nie binne die volgende uur verby
sal vyf moet dorp toe, om nog olie te gaan kry

Vyf lampies word weer tot bo gevul
Vyf lampies se vlammetjies word stil
'n smeking in die nag "gee vir ons van julle olie"
maar vyf antwoord "daar's nie genoeg vir julle ook nie"

Dat jou olie jou wys óf dwaas kan maak
laat mens nogals onrustig raak
Tyd om te stop en jouself te meet
of jy gereed is vir ALLES, sal net JÝ kan weet.

‘n VERSKRIKLIKE SONDE

So lees ek nou die dag van ‘n naam-noemery deur ‘n vrou
Wat tien duisend Rand moes offer as berou
Met hierdie boete het die hof haar aangespreek
Haar gebruik van die k-woord, het ‘n hart gebreek.

Nou loop ek en tob, al etlike dae lank
En wonder oor die alfabet se elfde klank
“K,K,K”, …wat vir ‘n woord kan dít tog wees
Wat die gebruiker daarvan so laat vrees?

Uit onkunde vir wat dit is en vrees vir vervolging
Begin ek oplet waarmee ek elke woord begin
Sinonieme word nou deel van my gesprekke
Veral by die werk en openbare plekke.

Uit radeloosheid probeer ek antwoorde in die WAT te vind
En so vervang bobbejaantjie dan _ees se _ind
In plaas van _offie, is dit boeretroos wat ek drink
En _ewer word ‘n tor, waarmee ek rond rinkink

Skielik onthou ek iemand het gesê Google maak ons slim
En dis net daar waar ek op my stoel voor die rekenaar klim
Sewe sleutels wat ek vinnig op die sleutelbord hammer
Maar helaas, selfs die soek-enjin kom terug met “jammer”

Op moedverloor se vlakte bevind ek my
Waar sal ek tog die antwoord hierop kry?
’n woord wat jy nie net mag gebruik nie
Kan ek op geen ander plek as die BYBEL vind nie.

‘n VERSKRIKLIKE SONDE

“Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie,
want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik,
nie ongestraf laat bly nie.”

Vol van vreugde spring ek op en af
Ek het die k-woord enigma kaf gedraf!
Maar eensklaps besef ek ek was nie suksesvol nie
My GOD se naam, begin nie met die elfde letter nie.

Op ‘n daaglikse basis misbruik hulle SY NAAM
Selfs op die televisie, vloek hulle saam.
Geen regter sal jou hiervoor beboet nie
Want só wet is daar nie op hul boek nie.

Die k-woord bly klou aan sy misterie
Want navrae help my ook nie veel nie
Vra ek die vraag aan hulle naby aan my
Is ‘n hand voor die mond, al wat ek kry.

Wíe in die land is dan tog nou só belangrik,
Dat wetgewing hom selfs as ‘n god beskik?
Met wetgewing gelyk aan die eerste Gebod
Klink hierdie vir my meer na ‘n na-aper god

In plaas van Sabbat, ‘n vakansiedag vir die spul
Vermoed ek nou die nuwe god se dag, is 1 April.
Intussen hunker ek tussen wiefer en waffer
Waar ek soek na ‘n alternatiewe internet-diensverskaffer.

(ON)NATUUR(LIK)

Agtermiddag op die plaas stap ek af na die stroom
Gaan sit ek soms daar, onder die ou Wilgerboom
Ontsnap van die wêreld wat vinnig voort stoom
En kry mens kans om oor beter dinge te droom.

Die lang hangtakke roer stadig in die wind
Hulle's die anker vir die huis van vink se kind
Netjies gevlegte mandjies met gras vasgebind
Is waar jy die wyfie en haar eiers sal vind.

So tussen die vinke se raas, hul kom-en-gaan
Kom daar skielik 'n vreemde voëltjie aan
Sover ek weet, is "die Koekoek" haar naam
Gaan lê sy haar eier, met Mevrou Vink s'n saam.

Dis meer gereeld wat ek die Vinke nou besoek
Om ondersoek in te stel na die eersgebore Koekoek
Al is die kuiken so klein,……. hy dra nog doek
Skop hy ongebore erfgename uit met die voet.

Ek verstom my vir die vink-egpaar se blind
Hoe sien hul dan nie dis 'n vreemde kind?
So groot word hy, dat hy moet sit bo-óp die nes
Daar sit hy en wag, met sy vurk en sy mes.

In die nuwe Suid-Afrika het dieselfde nou begin
Net waar jy kyk, sien jy 'n Vinkoek-gesin
Wil graag wees soos Madonna, Brad en Jolie
Pa en Ma met hul swart bemagtigde familie.

.

(ON)NATUUR(LIK)

Hoekom dan tog nou 'n vreemde aanneem
Terwyl daar van jou eie is in die sisteem?
Hoe op aarde is jou haat so groot
Vir die ras waartoe jy self behoort?

Kon jy nie maar 'n kansie aan die Vinkie gee
Hom toelaat om oor jou nessie-drempel te tree
Maar nou sit hy steeds daar in die weeshuis
Die gedagte alleen, laat my hart verguis.

NEEM TWEE VOOR ETE

n' Donderdag-oggend, net na die middel van Julie
Is dit nog winter, maar daar's g'n koue te voel nie
Die son wat stadig agter die berg sy kop uitsteek
Kondig die nuwe dag aan, wat nou gaan breek.

Op die motorradio word daar knoppe gedruk
Ek kry sowaar 'n stasie, met so bietjie geluk
Tot my spyt is dit Afrikaans wat ek moet hoor
Dis reg uit die regering se propaganda-kantoor.

Stasie word op die lug gehou vir die volk se blindes
Vir die liberaliste, die draadsitters en die links-gesindes
Konserwatiewes wat waag om 'n opinie hier uit te spreek
Kry die wind van voor en sommer ook 'n tong uitsteek.

Die omroepers klink soos 'n swerm muskiete
Wat sopas uitgebroei het tussen die riete
Oor en oor noem hulle sewe en sestig minute
En word dit opgedra aan 'n kritieke stabiele.

Luisteraars moet inbel met wat hulle gaan doen
Om te volg in die spore van die wêreld-ikoon se skoen
Graag wil hulle uitreik en iemand se voete soen
Om so díe een se suur, te verander in 'n lemoen.

In die ateljee heers groot opgewondenheid
Die aanhoudende gepraat, laat my ore tuit
Sewe en sestig jaar om die wêreld te verbeter
Vir Vryheid, het hy lank geloop aan elke meter.

NEEM TWEE VOOR ETE

Rassistiese inbeller smokkel sy stem uiteindelik in
Hy probeer die horlosie stop voor die minute kan begin
Soos 'n kat in die hoenderhok spring sy woorde
Toe hy waag om te verwys na die Kerkstraat moorde.

Na díe oproep is die gort behoorlik gaar
Die ikoon-aanbidders laat dit nie daar
Hulle spring om hul landloper te verdedig
Die woorde val hard, die meeste beledig.

Hierdie optrede laat blyk hul simptome
Toon dit eienskappe van een van die sindrome
As Stockholm, staan dit meer algemeen bekend
Waar die slagoffer hom tot sy onderdrukker wend.

Aan hierdie 4020 sekondes doen ek nie mee
Aan hierdie dag, deur die VN aan ons gegee
Maar in my hart gee ek 'n sekond aan elke Boer
Wat met sy lewe moes boet om iemand se verbeterings deur te voer.